

Skriflesing: Lukas 24: 13 – 35Teks: **Lukas 24:30-31 Vóór Nagmaal****Lukas 24:32 By nabetrugting**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 8: 2,3,4****TYDENS EREDIENS- Ps. 68:2,8; Ps. 2:6; Ps. 66:2; Ps. 23:3; Ps. 116 ... Ps. 47:1,4****Lukas 24: 13 – 35****Luk 24:13** Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af.**Luk 24:14** Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het.**Luk 24:15** Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop,**Luk 24:16** maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.**Luk 24:17** Hy vra hulle toe: "Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?" Met somber gesigte gaan hulle staan,**Luk 24:18** en een van hulle, met die naam Kleopas, antwoord Hom: "Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?"**Luk 24:19** Hy vra vir hulle: "Watter dinge?" Hulle antwoord Hom: "Die dinge in verband met Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk;**Luk 24:20** en hoe ons priesterhoofde en die lede van ons Raad Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom gekruisig het.**Luk 24:21** Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het.**Luk 24:22** En nou het 'n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel. Hulle was vanmôre vroeg by die graf**Luk 24:23** en kon sy liggaam nie kry nie. Hulle het kom vertel dat hulle 'n verskyning gesien het van engele wat gesê het Hy lewe.**Luk 24:24** Sommige van ons mense het ook na die graf toe gegaan en dit net so gekry soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie."**Luk 24:25** Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?"**Luk 24:26** Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te gaan nie?"**Luk 24:27** Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.**Luk 24:28** Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan.**Luk 24:29** Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby." Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly.**Luk 24:30** Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.**Luk 24:31** Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.**Luk 24:32** Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"**Luk 24:33** Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,**Luk 24:34** en dié sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!"**Luk 24:35** Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.**Skriflesing:** Lukas 24: 13 – 35Teks: **Lukas 24:30-31 Vóór Nagmaal****Lukas 24:32 By nabetrugting**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 8: 2,3,4****TYDENS EREDIENS- Ps. 68:2,8; Ps. 2:6; Ps. 66:2; Ps. 23:3; Ps. 116 ... Ps. 47:1,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, watter besondere ryk gedeelte wat ons vandag die heilige Nagmaal by mag vier. Ons het by ons voorbereiding verlede Sondag alreeds by hierdie twee manne wat daardie Sondag-middag, op pad na hulle tuisdorp Emmaus, wou stilstaan. Op hierdie 11/12 km pad gebeur besondere dinge wat ons nog weer tot stilstand kan bring. Die werklike groot saak wat ons by hierdie vierde verskyning van Jesus na sý opstanding moet bly aangryp is die grootheid en die waarde van jou en my se lewensbeskouing. Die lewe waarin ons nou is, is dit maar net 'n gespook om by alles uit te kom. Is ons maar net met 'n voortdurende gejaagde lewe besig, wat voel daar gaan nooit 'n einde daaraan kom nie! Hoe baie is besig om van die werklikhede van die lewe te probeer ontsnap wat nie eintlik moontlik is nie. Nagmaal moet vandag ook vir ons weer iets word van 'n kom 'n slag tot stilstand-geleentheid maar die nog groter gebeurtenis dat ons oë ook weer mag oopgaan soos daardie Emmaüsgangers baie kon praat en hoor maar by die breking van die brood het hulle oë vir die eerste keer eers werklik oopgegaan.

Die Emmaüsgangers was daardie middag ontnugter en teleurgesteld oor wat daardie naweek in hulle lewe gebeur het. Die Christus van Wie hulle sulke groot dinge verwag het, is doodgemaak, gekruisig. Sy dood alleen was reeds so 'n groot skok maar wat dááruit volg, het by hulle die nog groter vrae en ontnugtering gebring. Ons lees hoe hulle met mekaar gesels het oor al die dinge wat gebeur het. Hulle praat en wissel gedagtes en dan skielik begin die derde Persoon, wat hulle gedink het ook maar net padlangs met ons wil saamloop. Hy begin ook met hulle saam te praat. In die Grieks kom dit nogal mooi uit, Jesus het nie maar sommer net skielik by hulle aangesluit en begin praat nie, maar die meer direkte vertaling sou wees dat Jesus self eers nader aan hulle gekom het en toe het Hy begin om met hulle saam te loop. Eers naderkom, dan saamloop dan saampraat. Iets van 'n goddelike roete wat die opgestane Here met die twee manne gevolg het. Baie belangrik by vandag se Nagmaal is die ander feit dat op daardie stadium was hulle oë verhinder om die Here te erken.

In die Grieks gebeur hier ook eintlik iets aangrypend. As ons die 2020-Direkte vertaling lees dan word die afstand tussen Jerusalem en Emmaus baie direk vertaal want lees ons - die dorp met die naam Emmaus was sestig *stadion* van Jerusalem af. Stadion is in Grieks 'n lengtemaat en sou is een stadion minder as 20 m wees. Die Grieks wys eintlik op fyn afgemete tree, hulle sou

60 sulke stadions moes loop om by die 11 of amper 12 km by hulle tuisdorp Emmaus uit te kom. In die stadions kom daar toe 'n stadium wat Jesus by hulle aangesluit het en watter besondere stadium was dit nie in hulle stadions nie, maar toe was hulle oë nog toe.

Die Here het verhinder dat hulle oë toe nog nie mag oopgaan nie. Ons lees in hierdie woord *verhinder*, (ἐκρατοῦντο) sou dit ook weer in die Grieks na gekyk word, is dit die woord wat afgelei is van die stam κρατέω en hoe aangrypend dat in die Grieks het κρατέω die betekenis van jy oefen krag uit, jy vat iets stewig in jou hand vas en jy wil sorg dat dit nie uit jou hand mag uitgly nie. Dalk iets kosbaar soos 'n kristalglas of iets wat ek nie mag toelaat dat dit val nie, want dan breek dit. Dieselfde woord kom in Openbaring ook weer as ons daar lees dat dit die Here is wat die sewe sterre, m.a.w. die sewe bedienaars van die sewe gemeentes ook stewig in sy hande hou. Hierdie twee manne wat se oë Jesus nie kon herken nie, was wel reeds stewig in God se hande vasgevat, die Here het hulle oë kragtig toegemaak. Die Here gaan met hulle eers 'n toe-oë pad volg, ja wel 'n padlangs pad voordat die Here wel sal toelaat dat hulle oë ook sal oopgaan. Maar reeds het God begin om hulle in sy hande stewig vas te hou al het hulle dit nog nie geweet nie. Hulle harte het wel vroeg reeds brandende begin word wat ons by die Nabetracting wel ook vandag nog by wil uitkom.

Op die padlangs-pad wil Jesus ook die pad na ons harte oopmaak. En daarvoor gebruik Jesus nie snaakse dinge nie, maar wel dit wat vir God belangrik is, ja vir God die belangrikste is sy Woord. En die gesprek so padlangs het vir Jesus net een doel en dit is dat hulle by God se Woord moet uitkom. Ons was verlede Sondag by ons voorbereiding by Jesus se skerp reaksie as mense nie by sy Woord wil begin en by sy Woord wil eindig nie. *“Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? 26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?” 27 Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.*

As Jesus so skerp reageer dan het dit bepaalde gevolge wat ons ook kan aanvaar as wonderlike gevolge in ons lewe uitgemaak kan word. Die groot saak is dat my ware lewensbeskouing speel 'n deurslaggewende rol ook by vandag se Nagmaalviering. My lewensbeskouing raak ook my

Nagmaalbeskouing op alle vlakke. Die Emmaüsgangers het die Man saam met hulle aanvanklik wou uitmaak watter soort van vreemdeling is Hy dan. *“Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?”* Hulle dink die Man saam met hulle, watter soort vreemdeling is Hy dat Hy nie van al die dinge weet nie!

As hulle dan met Jesus redeneer oor hoe hulle die dinge ervaar en hoe hulle die dinge verwag het dan is dit asof hulle in hulle verwagtinge gestol geraak het. Die hoop wat hulle gedink het Jesus vir hulle sou bring, is uit hulle lewe weggeruk. Hulle het Jesus wel grootliks leer ken as die Een van Nasaret, ’n profeet magtig in woord en daad, ja voor God en die volk was Hy vir hulle magtig. Met stemme wat hoorbaar sagter sou raak kan ons hulle hoor sê – ons priesterhoofde en die lede van ons Raad het Hom oorgelewer! Het Hom veroordeel, het Hom gekruisig. Ons eie mense het dit gedoen. Die beklemtoning op ons eie, hulle is die skuldiges, wat Hom nou wou skuldig maak. Dan spreek die twee manne hulle lewensverwagting en lewensbeskouing so duidelik uit ... *21 Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het.*

Een kant word hulle teleurstelling in hulle leiers vertolk, aan die ander kant word hulle betwyfeling rondom wat vroue gesê het, nie weggesteek nie. Manne wat dink kan ons hierdie mense wat by die graf was, regtig ernstig opvat. Ja, dit is vroue uit ons eie kring wat ons ontstel, hulle wat sê, hulle was by die graf en dis leeg. En asof dit nie alreeds vêrgesog genoeg was nie, nou kom die vroue en praat boonop van die verskyning van engele (meervoud!) en hierdie engele het gesê – Hy lewe! Teleurstellings, twyfel, hoe maklik word dit nie ook deel van ons lewens nie. Baie mense wat God se getuienisse, ook sy Woord wil betwyfel, baie wat andere ervaar as jy is ’n vreemdeling, soos hulle Jesus aangevat het- is jy dan nou die enigste vreemdeling in Jerusalem. Wie is nou eintlik die vreemdelinge, hulle wat Jesus daarvan beskuldig, of hulle wat eintlik teenoor God se Woord en beloftes vervreem geraak het. Die Here het ’n besondere manier om ook hierdie groot lewensvrae in jou en my lewe in te bring.

As ek en jy vervreemd begin raak teenoor God se Woord, jy raak vervreem teenoor God se liggaam, Sy kerk, dan word ek en jy die eintlike vreemdelinge. Dan kan ek nie Jesus as

vreemdeling beskuldig as ekself eintlik die vreemdeling vir Hom geword het nie. Hoe baie kry ons die mense vandag wat sal wil beweer maar God het vir my vreemd geword, so vreemd dat so baie mense, al hoe meer mense, dit hulle geloof gemaak het dat God nie bestaan nie! Wie so verdwaald en verward begin raak het, sal ook met 'n al hoe groter afwatering in hulle geloof besig raak, totdat hulle naderhand aan gediggies en versies vasgryp maar aan die ware Woord van God word nie meer vasgehou nie.

Dis vir sulke mense wat God die padlangs-gesprek wil voer voordat dit 'n Nagmaal- gesprek kan word. Die pad wat God al vir so lank met sy volk geloop het as Jesus begin om by Moses en die profete uit te kom en Jesus Self die Skrifuitsprake maak wat op Hom betrekking het. Net so belangrik, Hy het die gedeeltes vir hulle uitgelê. Ek kan my dit voorstel op die stadium sou die drie nie net nog aanstap nie, hulle sou soos in 'n driehoek gaan staan en aandagtig luister. Die woorde is nou meer as wat hulle *stadions*, hulle tree kon wees. Dan is dit beter om maar heeltemal te gaan stilstaan en luister na waarmee is ons regtig besig. Ja, luister na wat is die dinge wat jou lewensbeskouing op hierdie stadium verkeerd maak as die God van die Woord maar ook die Woord van God met jou en my wil praat. Ons kan aanvaar Jesus sou in sy prediking in besonder klem lê op Jesaja 53, Jesus sou wys op die belang van die seremoniële offers in die Ou Testament, Hy sou kon heenwys na die Paaslam van die ou verbond en hoe dit uiteindelik in Hom, die ware Lam van God vervul is. As hulle Jesus in hulle voor die kruis lewe alreeds belewe het as 'n Man magtig in die Woord, hoe magtig was Hy nie nou nie! Magtiger as wat hulle Hom ooit vantevore sou kon hoor.

En dan soos die aand om hulle toevou het Jesus voorgestel dat Hy verder moes gaan. Intussen het die Emmaüsgangers aangedring dat die skynbare vreemdeling in sy voorkoms, maar beslis nie vreemd in sy woorde nie, by hulle moes aanbly, want sê hulle *dit is amper aand en die dag is verby*. Gemeente en dan gebeur wat by vandag se Nagmaal in besonder ons by die tafel moet uitbring. *30 Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. 31 Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn*. Watter besondere gebeurtenis is dit nie! Ons het vandag by die greep wat God op hulle oë gehad het- God het hulle oë gehinder- die Griekse - (ἐκράτουντο) hulle oë was verhinder dat hulle Jesus nie kon herken nie. En as die brood breek dan is dit asof hulle oë ook

oobreek. Hulle begin te sien wat gesien moes word. Hulle sien meer as net die mens Jesus. Hy het uit hulle gesig moes verdwyn, want by sy mensheid mag ons nie vassteek nie. Dit moes vir hulle en vir ons ook gaan om die Woord wat ons lewens moet oobreek want daarmee hou God jou lewe vas. Mag ons ook nou so na die tafel nader met die besef God hou my vas, Hy het 'n greep op my lewe, nie om my te pla of die ware lewensbeskouing te verhinder nie, maar dat die ware lewensbeskouing ook vir ons sal oopgaan, oopbreek sal word.

AMEN

NABETRAGTING-

Lukas 24: 29-35

Luk 24:29 Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby." Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly.

Luk 24:30 Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.

Luk 24:31 Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.

Luk 24:32 Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"

Luk 24:33 Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,

Luk 24:34 en dié sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!"

Luk 24:35 Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.

Geliefdes, watter besondere gewaarwording het in die twee manne se lewe ingekom, nadat Jesus vir hulle die brood gebreek het. Jesus het self ook eers die seën gevra en seënd die brood gebreek en dit vir hulle gegee. Met oop oë het Hy uit hulle lewe verdwyn, maar dit was nie 'n verdwyning van Hy het weggeraak of weggegaan nie. Dit is eintlik iets van wat ons Donderdag ook kon vier dat Jesus het nie van ons af weggegaan, na die hemel opgevaar, om ons alleen agter te laat nie. Sy liggaamlike weggaan is juis om 'n groter geestelike teenwoordigheid ons lewens in te bring. Die Kategismus stel dit by Sondag 18 eintlik so aangrypend as aan ons die vraag gevra word: V/A 47- **Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?** Ons antwoord- ***Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.***

Dis presies wat die Emmaüsgangers eintlik ook al beleef het, nog vóór die werklike hemelvaart plaasgevind het. God se majesteit, genade en Gees het nie van hulle af weggegaan nie, al was Jesus liggaamlik nie meer by hulle nie. Hy het uit hulle gesig verdwyn staan by die Emmaüsgangers, maar by hemelvaart was dit ook weer só. Hy het uit ons gesig verdwyn maar

sal in sy groter teenwoordigheid, sy goddelike teenwoordigheid nooit van ons af weggaan nie. In hierdie teenwoordigheid is daar vandag Nagmaal vier. In hierdie teenwoordigheid het ons van die lewensbrood kon eet. As Jesus voor die Emmaüsgangers die brood breek was dit alreeds 'n herinnering aan die Nagmaal. Die herinnering aan dit is sy liggaam wat vir ons gebreek was. Die wyn het heen gewys na sy bloed wat vir ons gevloei het.

Deel van die warm harte wat die Emmaüsgangers daarna beskryf, het ingesluit dat hulle in die eerste plek by die hoor van God se Woord, hulle harte reeds warm geword het. Die Woord wat Jesus vir hulle kon oopmaak, dit was die kole wat die harte reeds warm gemaak het. Die Woord gee die kole, die sakramente gee die vlamme, dit wat die kole sigbaar ons lewens laat inkom. Die Nagmaal is altyd daar om God se Woord sigbaar ons lewens in te dra. Tasbaar, ons kon dit eet, dit word deel van jou. Christus wil waarlik deel van jou lewe wees soos hierdie stukkie brood en hierdie slukkie wyn nou deel van jou liggaam geword het. Dit alles is alleen moontlik as die Woord van God vóór dit alles staan en as die Woord, die Woord soos in Christus vervul reeds deel van jou lewe geword het.

Sonder die Woord sou Nagmaal nie moontlik gewees het nie. Eers het Christus die Woord oopgemaak en daarna kon Hy eers die brood breek met wat toe daarop gevolg het. En dit bring ons by die ware lewensbeskouing wat die Emmaüsgangers by uitgebring was. As u hierby uitgekom het dan gaan ons vandag ook weg van hierdie Nagmaal met harte wat in die koue van die winter tog warm mag wees. Dit wat in vers 32 gebeur het- *Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?*

Maar daarby het dit nie geëindig nie. Die gevoelswaarde, die emosie, die belewenisse rondom God se Woord mag jy nie subjektief net vir jouself hou en dink dis wonderlik nie. Nee, die manne draai in die donkerte van die nag om, hulle verlaat hulle tuiste want hierdie dinge moet verkondig word. Ons weet dit was in Jerusalem daardie tyd waarskynlik ook winter gewees maar hulle hardloop as't ware daardie 60 stadions, daardie 12 km word terughardloop want in die stadions van jou lewens tree kom daar ook die stadions wat jy nie mag stilbly nie. Hierdie twee sluit aan by die elf, sluit aan by die vroue, sluit aan by Simon Petrus ... hulle

lebensbeskouing is nou so helder as wat dit kan wees- *Die Here het regtig opgestaan...en Hy het aan Simon verskyn.*

Geliefdes mag dit wees, dat jou lebensbeskouing een is met almal wat dieselfde kosbare geloof bely en een wees met ons wat vandag Nagmaal kon vier. Een met God se Woord want by die Woord moet dit begin en by die Woord van God, soos in Christus vervul, in Hom moet dit eindig. Alleen in Hom kon ons Nagmaal vier.

AMEN